# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 39

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.



Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?



Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp.

Eksodus 21:17: Wie sy vader of moeder vervloek, moet beslis sterf.

Spreuke 1:8: My seun, luister na die vermaning van jou vader, en moenie die onderrig van jou moeder verontagsaam nie;

Spreuke 4:1: Seuns, luister na die vermaning van 'n vader, en slaan ag daarop om insig te leer ken.

Spreuke 15:20: 'n Wyse seun verbly sy vader, maar 'n dwase mens minag sy moeder.

Spreuke 20:20: Wie sy vader en moeder vloek – sy lamp word uitgedoof in diepe duisternis.

Romeine 13:1: Laat elke mens onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is, want daar is geen gesag wat nie van God afkomstig is nie; en dié wat daar wel is, is deur God ingestel.

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?



Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp.

Efesiërs 5:22: Vroue, wees onderdanig aan julle mans, soos aan die Here, omdat die man die hoof is van die vrou,

Efesiërs 6:1-2: Kinders, wees in die Here aan julle ouers gehoorsaam, want dit is hoe dit hoort. “Eer jou vader en jou moeder,” dit is die eerste gebod met 'n belofte,


Efesiërs 6:5: Slawe, wees met vrees en bewing aan julle aardse eienaars gehoorsaam, met opregte harte, soos aan Christus

Kolossense 3:18: Vroue, julle moet onderdanig wees aan julle mans, soos dit gepas is vir mense in die Here.

Kolossense 3:20: Kinders, julle moet julle ouers in alle opsigte gehoorsaam, omdat dit vir die Here aanneemlik is

Kolossense 3:22: Slawe, julle moet julle aardse eienaars in alle opsigte gehoorsaam – nie met oëdiens asof julle mense wil behaag nie, maar met 'n opregte hart, uit ontsag vir die Here.

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?




Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê

Spreuke 23:22: Luister na jou vader, hy wat jou verwek het; en moet jou moeder nie minag wanneer sy oud geword het nie.

1 Petrus 2:18: Huisbediendes, wees met groot ontsag aan julle werkgewers onderdanig, nie net aan die goeies en vriendelikes nie, maar ook aan die onredelikes.

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?



Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.

Matteus 22:21: En hulle sê vir Hom: “Die keiser s'n.” Daarop sê Hy vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom.

Romeine 13:2-3: Wie die gesag teenstaan, verset hulle dus teen die instelling van God, en diegene wat hulle verset, sal 'n oordeel oor hulleself bring. Die owerhede boesem immers nie vrees in as dit kom by goeie optrede nie, maar wel by slegte optrede. Wil jy sonder vrees vir die owerheid leef? Doen dan die goeie, en jy sal lof van die owerheid ontvang.

Efesiërs 6:4: En vaders: Moenie julle kinders uittart nie, maar voed hulle op deur die dissipline en teregwysing van die Here.

Efesiërs 6:9: En julle, eienaars, tree net so op teenoor die slawe, en staak julle dreigemente, omdat julle weet dat julle en hulle Here in die hemel is, en dat Hy niemand volgens die uiterlike beoordeel nie.

Kolossense 3:20: Kinders, julle moet julle ouers in alle opsigte gehoorsaam, omdat dit vir die Here aanneemlik is

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.

## SONDAG: 39 - VRAAG EN ANTWOORD: 104

Vraag: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp[1]. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê[2], omdat God ons deur hulle wil regeer[3].

1 Eksodus 21:17; Spreuke 1:8; Spreuke 4:1; Spreuke 15:20; Spreuke 20:20; Romeine 13:1; Efesiërs 5:22; Efesiërs 6:1-2; Efesiërs 6:5; Kolossense 3:18; Kolossense 3:20; Kolossense 3:22

2 Spreuke 23:22; 1 Petrus 2:18

3 Matteus 22:21; Romeine 13:2-3; Efesiërs 6:4; Efesiërs 6:9; Kolossense 3:20